

Kerssangdiens by NG Suid Kerk



Op die foto bo die Heilbron Koor.



Op die foto vl: Carlo Wright op trompet, Jannie Booysen en Manus Kleynhans, Isabel Kruger op klavier, Carel en Carla Steyn op fluite.

'n Geestelike ervaring op 17 November by NG Kerk Suid se gesamentlike Kerssangdiens.

Die koms van die Vader is gevier met orrel, klavier, trompet, fluite, saxofoon en sang. Isabel, Carla, Carlo en Carel het die musiek gemaak terwyl Jannie en Manus en die Heilbron Koor gesing het. Die twee klankmanne wat bontgestaan het by die liederebord was Johan en Rudie, terwyl Ds Tiaan Victor die diens gelei het. Die skrif-

gedeeltes rondom Jesus se geboorte is vir elkeen opnuut gebring saam met die lofprysing. Die kerk se blomvroue het elke gas laat welkom voel en 'n Kersatmosfeer geskep met wit blomme en versierings. Betsie Terréblanche, Wendy Roos, Petro Meintjes en Nonna Roos was verantwoordelik daarvoor.

Die aand was afgesluit met 'n tee- en koffietafel met heerlike eetgoed in die kerk-saal.



Op die foto bo en links die NG Suid kerk wat versier is deur Betsie Terréblanche, Wendy Roos, Petro Meintjes en Nonna Roos.
Tema: Wit kerstema.

Dienssentrum lede geniet hul fliek-dag



Dienssentrum lede fliek gewoonlik aan die einde van elke kwartaal en hierdie keer het dit op 26 November gaval. Die lede het die fliek, Klein Karoo, baie geniet met die nodige springmielies, tjippies, lekkers en koel drank. Donateurs wat nie die Dankie-tee bygewoon het nie is: George en Wendy Roos, Gert en Wilmiën Naude, Rita Serfontein, Jan du Toit, Isabel Kruger, Judy Aucamp, Leon Deyssel, Dries Cilliers en verteenwoordigers van Pakworks, Sanjo's, Sloopkraal, Telwiedre en Avbob. Volgende week is die Dienssentrum se afsluiting vir die jaar - 'n bring-en-braai by Lalapanzi.



Bloedskenksukses

Op 26 November het SANBS kom bloed trek in Heilbron by die NG Kerk Suid saal om 'n doelwit van 80 eenhede bymekaar te maak vir die Feesseisoen wat voorlê. Met 105 eenhede ingesamel toon SANBS groot waardering en dankbaarheid vir elke Heilbronner wat kom bloedskenk het. Op die foto: Dolf van der Westhuizen met sy 135ste skenking. Hy stel 'n voorbeeld vir almal aangesien hy al sedert 1986 bloed skenk.